4 - 8 jaar

My

Luister en Skryf

# Bybel Joernaal

Boek 1

Hierdie boek behoort aan :

..........................................................

& Gees
Heuningsoet Woord
Psalm 19:10&11

'n Luister en Skryf Bybel Joernaal vir kinders 4 tot 8 jaar.
Saamgestel deur Carien Stander.

carien@hencar.co.za

Hierdie Bybel Joernaal is spesiaal geskryf vir die jongspan!
Kinders vanaf 4 jaar kan gewoonlik al lekker luister en saamgesels oor stories. Kinders in hierdie ouderdomsgroep stel ook belang daarin om skryfmateriaal te gebruik en om die mooiste prentjies te teken. Jong skoolgaande kinders wat al begin skryf, kan kort woorde of sinne skryf... nou kan dit alles deel word van hul eie Bybel Joernaal!

**Die hart van hierdie *Luister en Skryf Bybel Joernaal*, is vir ouers en hul jong kinders om saam tyd eenkant te sit, die Bybelstories te lees en daaroor te gesels**. Saam sal hulle God se hart en karakter vir Sy kinders op aarde ontdek. In hierdie Bybel Joernale word kinders daagliks blootgestel aan verskillende Ou en Nuwe Testamentiese Bybelstories. Tydens die deurwerk van Luister en Skryf Joernale, sal kinders leer om aandagtig te luister en intensioneel te reflekteer op geliefkoosde Bybelstories.

My gebed is dat Heilige Gees ouers, sowel as hul jong kinders, deur hierdie Joernale sal inspireer en leer, hoe kosbaar en lewend God se Woord is. Soos wat ouers en kinders saam tyd spandeer om God se Woord deur te lees en daaroor na te dink, sal dit tot gevolg hê dat hul verhouding met mekaar asook hul verhouding met God groei.

Wanneer ouers saam met hulle kinders deur hierdie Bybel Joernale beweeg, sal hulle leer om:

- te bid (leer om saam hul harte voor Jesus oop te maak in gebed)
- saam Bybelstories te verken en daaroor te gesels (luistervaardigheid en gesprekvoering)
- te reflekteer op Bybelstories deur tekeninge en Bybelverse/woorde te herskryf (skrifvaardigheid en kreatiewe verbeelding aan te moedig/inleef in Bybelverhale)
- leer om God se kommunikasie deur Sy Woord te ervaar (herkenning van Heilige Gees se werking in hul harte deur die aanhoor van God se Woord).
- Bybelkarakters beter leer ken
- saamgesels oor hoe om die Bybel se inligting, prakties deel te maak van hul lewens (toepassing)
- besef dat Heilige Gees ons geliefkoosde en broodnodige Onderwyser is wanneer ons die Bybel lees
- 'n lewenslange fondasie te vorm, van hoe om die Bybel prakties deel van hul lewe te maak en daardeur 'n groot liefde vir God se Woord te ontwikkel.

Mag hierdie Luister en Skryf Bybel Joernaal tot seën wees vir julle!

**Alle Bybel aanhalings is gemaak vanuit die Afrikaans 1983 Bybelvertaling.*

**Riglyne vir die deurwerk van hierdie *Luister en Skryf Bybel Joernaal*:**

- **Gebed:** Elke dag se les begin met gebed. Ouers kan vir hul kinders vra waarvoor hulle vir hulle kan bid. Dalk wil u kind ook self 'n gebedjie bid. **Vra spesifiek vir Heilige Gees voor elke les, om julle te lei en die Bybelstorie vir julle oop, verstaanbaar en toepaslik te maak.**

- **Storietyd:** Die ouer lees die voorgeskrewe deel (Bybelstorie) uit hul eie Bybel vir die kind voor (luistertyd vir die kinders). Gebruik 'n vertaling wat vir kinders maklik verstaanbaar is. Ouers kan tydens die deurleesproses of na die storie deurgelees is, vrae vra wat verband hou met die teks. Somtyds sal die kind self vragies hê. Gesels daaroor en antwoord u kind opreg. Saam kan julle op moeilike woorde in die Bybelstorie afkom - verduidelik dit op 'n praktiese en toepaslike wyse aan jou kind. Om die Woord prakties te maak, kan ouers allerdaagse voorbeelde gebruik om verder die Skrifkonsepte duidelik verstaanbaar te maak.

- **Tekening:** Kinders reflekteer op die dag se Bybelstorie deur 'n tekening te maak van enige deel van die storie wat hulle onthou of aangeraak het. Vra wat hulle wil teken en hoekom dit vir hulle spesiaal uitgestaan het. Moedig hulle aan om detail in te teken, byskrifte by hul prente te skryf, kreatief te wees en ook om hulleself êrens in die prentjie te teken!

- **Bybelvers van die dag:** Lees vir u kind die Bybelvers van die dag voor (wat uit die storie kom) en moedig hulle aan om die vers oor te skryf op die lyne. Vir jonger kinders kan woorde uit die vers gekies word, dit as voorbeeld geskryf word en dan weer herskryf word deur u kind.

- **Refleksie op die storie van die dag:** In hierdie gedeelte kan die ouer vir die kind die vraag herhaal wat gevra word. Groter kinders kan gehelp word om hul antwoord in die blokkie te skryf. Vir jonger kleuters kan ouers hul kinders se antwoorde vir hulle neerskryf. Hierdie kan 'n kosbare herinnering wees om eendag na terug te keer en te sien hoe spontaan jou kind God se kommunikasie op so 'n jong ouderdom deur middel van Heilige Gees in hulle, ervaar en beleef het.

*Elke dag se Bybelgedeelte is gehaal vanuit die *1983 Afrikaanse Bybelvertaling*. Indien jou Bybelvertaling verskil van die 1983 vertaling, is jy welkom om die dag se Bybelgedeelte in jou eie Bybel op te soek en dan daaruit te lees.

## Dag 1: Dawid en Goliat

1. **Gebed**: Word stil, maak jou ogies toe en draai in jou hart na Jesus. Vertel vir Hom van enige iets wat op jou hart is vandag. Mamma kan ook vir jou bid en dan kan jy agter haar aanbid.

2. **Voorlees van Bybelstorie**:

Mamma lees uit haar eie Bybel **1 Sameul 17** (indien kinders nog jonger is en nie so lank kan stil sit en konsentreer nie, lees net **verse 31 tot 50**).



3. **Tekening:**

Teken enige deel van die storie wat vir jou uitstaan. Gebruik helder kleure. Teken jouself êrens in die prentjie.

4. **Herskryf die vers van die dag :** 1 Sameul 17 : 47



" … die Here verlos nie deur swaard of spies nie,

maar die oorlog behoort aan die Here… "

5. **Refleksie:** Wat dink jy wil God vir jou leer of sê deur vandag se Bybelstorie?



6. Kies karaktereienskappe van God wat vir jou uitstaan in hierdie storie. In hierdie storie sien ek dat God __________ is.

| | | |
|---|---|---|
| alomteenwoordig | goed | regverdig |
| liefdevol | getrou | almagtig |

# Dag 2: Dissipels en genesings

1. **Gebed**: Word stil en draai in jou hartjie na Jesus. Vertel vir Hom van iets wat jy begeer (graag wil hê). Mamma kan ook vir jou bid en dan kan jy agter haar aanbid.

2. **Voorlees van Bybelstorie**:

Mamma lees uit haar eie Bybel uit **Lukas 5 : 1 - 26** (indien kinders nog jonger is en nie so lank kan stil sit en konsentreer nie, lees net ***verse 1 tot 11***).

3. **Tekening:**

Teken enige deel van die stories wat vir jou mooi is. Gebruik mooi helder kleure en gee byskrifte aan jou tekening.

4. **Herskryf die vers van die dag :** Lukas 5 : 5

" … maar op U woord sal ek die nette uitgooi. "

5. **Refleksie:** Wat dink jy wil God vir jou leer of sê deur vandag se Bybelstorie?



6. Kies karaktereienskappe van Jesus wat vir jou uitstaan in hierdie verhale. In hierdie verhaal ervaar ek dat Jesus ___________ is.

| | | |
|---|---|---|
| Besorgd (omgee) | geduldig | regverdig |
| liefdevol | getrou | almagtig |

Dag 3: **Kain en Abel**

1. **Gebed**: Word rustig. Maak jou ogies toe en draai in jou hart na Jesus. Vra vir Heilige Gees om vir julle vandag se Bybelverhaal verstaanbaar te maak. Mamma kan ook vir jou bid en dan kan jy agter haar aan bid.

2. **Voorlees van Bybelstorie**:

Mamma lees uit haar eie Bybel uit ***Genesis 4*** (vir jonger kinders, lees net ***Verse 1 tot 16***).



3. **Tekening:**

Teken enige deel van die verhaal wat jy kan onthou en vir jou uitgestaan het. Teken jouself êrens in die prentjie.

4. **Herskryf die vers van die dag :** *Genesis 4 : 7*

" … die sonde wag jou in … maar jy moet oor hom heers."

_______________________________________________

_______________________________________________


_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

5. **Refleksie:** Wat dink jy wil God vir jou leer of sê deur vandag se Bybelstorie?



6. Kies 'n karaktereienskap(pe) van God wat vir jou uitstaan in hierdie storie. In hierdie storie sien ek dat God __________ is.

| | | |
|---|---|---|
| onveranderd | regverdig | barmhartig |
| alwetend | alomteenwoordig | heilig |

## Dag 4: Maria en die engel

1. **Gebed**: Word rustig en draai jou hartjie na Jesus. Sê vandag vir Hom dankie vir iets spesifiek. Mamma kan ook vir jou bid, jy kan agter haar aan bid as jy wil.

2. **Voorlees van Bybelstorie**:

Mamma lees uit haar eie Bybel **Lukas 1 : 26 - 45** (Vir jonger kinders lees net **verse 26 tot 38**).

3. **Tekening:**

Teken enige deel van die storie wat vir jou soos 'n prentjie in jou verbeelding uitstaan. Gebruik mooi helder kleure en teken jouself êrens in die prentjie waar jy deel is van die storie.

4. **Herskryf die vers van die dag :** Lukas 1 : 37

" Niks is vir God onmoontlik nie. "

5. **Refleksie:** Wat dink jy wil God vir jou leer of sê deur vandag se Bybelstorie?



6. Kies 'n karaktereienskap(pe) van God wat vir jou uitstaan in hierdie storie. In hierdie storie leer ek dat God __________ is.

| | | |
|---|---|---|
| alomteenwoordig | goed | almagtig |
| liefdevol | soewerein | onveranderd |

## Dag 5: Simson en die leeu

1. **Gebed**: Word stil, maak jou ogies toe en draai in jou hartjie na Jesus. Vertel vir Hom van enige iets waaraan jy gereeld dink vandag. Mamma kan ook vir jou bid en dan kan jy agter haar aanbid.

2. **Voorlees van Bybelstorie**:



Mamma lees uit haar eie Bybel uit **Rigters 14** (indien kinders nog jonger is en nie so lank kan stil sit nie, lees net **verse 1 tot 10**).

3. **Tekening:**

Teken enige deel van die storie wat vir jou interessant is. Hoekom raak hierdie deel jou hart aan?

4. **Herskryf die vers van die dag :** Rigters 14 : 6



“ Die Gees van die Here het vir Simson sterk gemaak. “

5. **Refleksie:** Wat dink jy wil God vir jou sê deur vandag se Bybelstorie?



6. Kies karaktereienskappe van God wat vir jou uitstaan in hierdie storie. In hierdie storie sien ek dat God __________ is.


| | | |
|---|---|---|
| onveranderd | kragtig | regverdig |
| goed | getrou | wys |

## Dag 6: Gelykenis : die saaier

1. **Gebed**: Word rustig, maak jou ogies toe. Draai in jou hartjie na Heilige Gees en nooi Hom uit om vandag saam met jou en mamma uit die Bybel te lees. As jy onseker is oor hoe om te bid, kan mamma eerste bid en jy agterna.

2. **Voorlees van Bybelstorie**:

Mamma lees uit haar Bybel **Lukas 8 : 1 - 15** (vir jonger kinders lees net **verse 4 tot 10**).



3. **Tekening:**

Teken enige deel van die gelykenis wat vir jou 'n duidelike prentjie vorm. Deel die groot blok in kleiner blokkies as jy wil wys waar die verskillende saad oral geval het.

4. **Herskryf die vers van die dag :** **Lukas 8 : 15**

(Die saad wat in die goeie grond val dui op mense wat… )

"… die woord met 'n goeie en opregte hart hoor

en dit bewaar en deur volharding vrug dra. "

5. **Refleksie:** Wat dink jy wil God vir jou leer of sê deur vandag se gelykenis?



6. Kies 'n karaktereienskap(pe) van God wat vir jou uitstaan in hierdie gelykenis. In hierdie gelykenis ervaar ek dat God __________ is.


| | | |
|---|---|---|
| goed | getrou | heilig |
| liefdevol | self-onderhoudend | geduldig |





# Dag 7: Abraham kry besoekers

1. **Gebed**: Maak jou ogies toe en draai in jou gedagtes na Jesus. Vertel vir Hom wie Hy vir jou is en hoekom jy lief is vir Hom. Mamma kan ook vir jou bid, jy kan agter haar aan bid as jy wil.



2. **Voorlees van Bybelstorie**:

Mamma lees uit haar eie Bybel **Genesis 18** (vir jonger kinders wat nie lank kan stil sit of konsentreer nie, lees net **verse 1 tot 15**).

3. **Tekening:**

Teken enige deel van vandag se verhaal wat vir jou uitstaan. Hoekom wil jy graag hiervan 'n prentjie teken?

4. **Herskryf die vers van die dag :** *Genesis 18 : 14*



" Is iets te buitengewoon vir die Here? "

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

5. **Refleksie:** Wat dink jy wil God vir jou leer of sê uit vandag se Bybelstorie?



6. Kies 'n karaktereienskap(pe) van God wat vir jou uitstaan in hierdie storie. In hierdie storie leer ek dat God ___________ is.

| | | |
|---|---|---|
| geduldig | goed | regverdig |
| liefdevol | almagtig | heilig |

# Dag 8: Saggeus en goue muntstukke

1. **Gebed**: Word rustig en maak jou ogies toe. Draai in jou hartjie na Jesus en vertel vir Hom wat jy vandag beplan om te doen. Vra vir Hom om jou te bewaar waar jy oral gaan wees. Mamma kan ook vir jou bid en dan kan jy agter haar aan bid.

2. **Voorlees van Bybelstorie**:

Mamma lees uit haar eie Bybel uit **Lukas 19 : 1 - 27** (indien kinders nog jonger is en nie so lank kan konsentreer nie, lees net **verse 1 tot 10**).



3. **Tekening:**

Teken enige iets van die stories wat jou hartjie aanraak en vir jou mooi is. Hoekom kies jy hierdie gedeelte om 'n prentjie van te teken?

4. **Herskryf die vers van die dag :** Lukas 19 : 10

“Jesus het gekom om te soek en te red wat verlore is.“

5. **Refleksie:** Wat dink jy wil God vir jou leer of sê deur vandag se Bybelstories?



6. Kies karaktereienskappe van Jesus wat vir jou uitstaan in hierdie verhale.

In hierdie stories besef ek dat Jesus ______________ is.

| | | |
|---|---|---|
| geduldig | barmhartig | regverdig |
| liefdevol | getrou | alwetend |



# Dag 9: Moses ontmoet God

1. **Gebed**: Word stil en draai in jou hartjie na Heilige Gees. Vra vir Hom om jou te wys wat God in Sy Woord vir jou wil leer. Mamma kan ook vir jou bid en dan kan jy agter haar aan bid.



2. **Voorlees van Bybelstorie**:

Mamma lees uit haar Bybel uit **Eksodus 3** (jonger kinders luister net na **Verse 1 tot 10**).

3. **Tekening:**

Teken enige deel van die verhaal wat vir jou uitstaan. Gebruik helder kleure. Hoekom is hierdie gedeelte vir jou spesiaal?



4. **Herskryf die vers van die dag :** Eksodus 3 : 14

Toe sê God vir Moses: "Ek is wat Ek is. "

5. **Refleksie:** Wat dink jy wil God vir jou leer deur vandag se Bybelstorie?



6. Kies karaktereienskappe van God wat vir jou uitstaan in hierdie verhaal. In hierdie storie besef ek dat God __________ is.

| | | |
|---|---|---|
| heerlik | getrou | heilig |
| goed | onveranderd | almagtig |



## Dag 10: Heilige Gees word belowe

1. **Gebed**: Word rustig, maak jou ogies toe en draai in jou hartjie na Heilige Gees. Vra Hom om vir jou die Woorde van die Bybel vandag maklik verstaanbaar te maak. Mamma kan vir jou bid, jy kan agter haar aan bid as jy wil.

2. **Voorlees van Bybelstorie**:

Mamma lees uit haar eie Bybel uit **Handelinge 1 : 1 - 26** (vir die jongspan, lees net **verse 1 tot 11**).



3. **Tekening:**

Teken enige deel van die stories wat jou aandag getrek het. Gebruik verskillende kleure. Teken jouself êrens in die prentjie. Hoekom dink jy het hierdie gedeelte vandag vir jou uitgestaan?

4. **Herskryf die vers van die dag:** **Handelinge 1 : 8**

" … julle sal krag ontvang wanneer Heilige Gees oor julle kom

en My getuies wees… "

5. **Refleksie:** Wat dink jy wil God vir jou leer of sê deur vandag se Bybelstorie?



6. Kies 'n karaktereienskap(pe) van God wat vir jou uitstaan in hierdie storie. In hierdie gebeure besef ek dat God __________ is.

| | | |
|---|---|---|
| alwetend | getrou | vriendelik |
| ewig | goed | geduldig |

## Dag 11: Koningin Vasti

1. **Gebed**: Raak nou rustig, sit of lê gemaklik en draai in jou hartjie na Jesus. Sê vir Hom dankie vir enige iets wat jy besit. Mamma kan ook vir jou bid en dan kan jy agter haar aan bid.

2. **Voorlees van Bybelstorie**:

Mamma lees uit haar Bybel uit **Ester 1** (vir jonder kinders, lees net ***verse 1 tot 12***).


3. **Tekening:**

Teken iets uit vandag se verhaal wat jou aandag getrek het of wat vir jou uitgestaan. Teken jouself ook êrens in die prentjie. 😊

4. **Herskryf die vers van die dag:** **Prediker 9 : 11**

" Alles word bepaal deur tyd en geleentheid. "

5. **Refleksie:** Wat dink jy wil God vir jou leer of sê deur vandag se Bybelverhaal?



6. Kies 'n karaktereienskap(pe) van God wat vir jou uitstaan in hierdie verhaal.

In hierdie verhaal ervaar ek dat God ___________ is.

| | | |
|---|---|---|
| alomteenwoordig | alwetend | regverdig |
| onveranderd | geduldig | almagtig |

## Dag 12: Jesus hou nagmaal

1. **Gebed**: Word stil en draai in jou hartjie na Jesus. Vertel vir Hom van enige iets wat jou bekommerd of bang maak. Vra Hom om jou daarteen te beskerm. Mamma kan ook vir jou bid en dan kan jy agter haar aan bid.

2. **Voorlees van Bybelstorie**:

Mamma lees uit haar Bybel **Lukas 22 : 1 - 30** (lees vir die jongspan net **verse 7 tot 23**).

3. **Tekening:**


Teken enige gedeelte uit vandag se Bybelverse wat vir jou mooi is. Gebruik verskillende kleure. Teken jouself êrens in die prentjie. Hoekom staan hierdie gedeelte vir jou uit?

4. **Herskryf die vers van die dag:** **Lukas 22 : 26**

" … die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees

en die leier moet wees soos die een wat dien."

5. **Refleksie:** Wat dink jy wil Jesus vir jou vandag leer?



6. Kies 'n karaktereienskap(pe) van Jesus wat vir jou uitstaan in hierdie Bybelgedeelte. In hierdie storie sien ek dat Jesus __________ is.

| | | |
|---|---|---|
| barmhartig | goed | mededeelsaam |
| liefdevol | nederig | diensbaar |

## Dag 13: Water uit die rots

1. **Gebed**: Word stil en draai in jou hartjie na Heilige Gees. Vertel vir Hom dat jy jou hart vir Hom oopmaak, sodat Hy die waarheid van die Bybelstorie aan jou kan verduidelik. Dalk wil Mamma ook vir jou bid, jy kan agter haar aan bid.



2. **Voorlees van Bybelstorie**:

Mamma lees uit haar eie Bybel **Numeri 20** (lees vir jonger kinders net **verse 1 tot 13**).

3. **Tekening:**

Teken enige deel van die storie wat vir jou uitstaan. Teken jouself ook êrens in die prentjie. Hoekom staan hierdie deel vir jou uit?

4. **Herskryf die vers van die dag :** **Numeri 20 : 8**

"Julle moet dan … met die rots praat

en daar sal water uitkom."

5. **Refleksie:** Wat dink jy wil God vir jou leer deur vandag se Bybelstorie?



6. Kies 'n karaktereienskap(pe) van God wat vir jou uitstaan.

In hierdie storie ervaar ek dat God ___________ is.

| | | |
|---|---|---|
| onveranderd | self onderhoudend | regverdig |
| genadig | heilig | almagtig |

# Dag 14: Simeon, Anna en Jesus

1. **Gebed**: Word rustig en draai in jou hartjie na Jesus in gebed. Vertel vir Hom van enige iets waaroor jy wonder vandag. Mamma kan ook bid en vir Heilige Gees uitnooi om saam met julle Bybel te lees.

2. **Voorlees van Bybelstorie**:

Mamma lees uit haar Bybel **Lukas 2 : 25 - 52** (vir jonger kinders, lees net **verse 25 tot 40**).



3. **Tekening:**

Teken 'n prentjie van die deel van die storie wat met jou hart gesels. Gee byskrifte aan jou prent. Hoekom dink jy staan hierdie gedeelte vir jou spesiaal vandag uit?



4. **Herskryf die vers van die dag :** Lukas 2 : 35

Die Kindjie (Jesus), sal 'n teken wees wat…

" … die gesindheid van baie mense aan die lig sal laat kom. "

________________________________________

________________________________________


________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

5. **Refleksie:** Wat dink jy wil God vir jou deur vandag se Bybelstorie sê of leer?



6. Kies 'n karaktereienskap(pe) van God/Jesus wat vir jou uitstaan in hierdie Bybelgedeelte.

Vanuit hierdie gedeelte beleef ek dat God __________ is.

| | | |
|---|---|---|
| alwetend | ewig | liefdevol |
| betroubaar | wys | goed |

## Dag 15: Bileam en sy donkie

1. **Gebed**: Raak rustig en maak jou ogies toe. Draai in jou hartjie na Heilige Gees en vra Hom om vir jou die storie wat jy nou gaan hoor duidelik verstaanbaar te maak. Mamma kan ook vir jou bid en dan kan jy agter haar aan bid.

2. **Voorlees van Bybelstorie**:

Mamma lees uit haar Bybel uit **Numeri 22 : 1 - 35** (jonger kinderse kan net luister na **verse 22 tot 35**).

3. **Tekening:**

Teken enige deel van die storie wat vir jou uitstaan. Gebruik helder kleure en teken jouself êrens in die prentjie.

4. **Herskryf die vers van die dag :** Numeri 22 : 12

“ Jy mag die volk nie vervloek nie,

want hulle is geseën. “

5. **Refleksie:** Wat dink jy wil God vir jou leer of sê deur vandag se Bybelstorie?



6. Kies ‘n karaktereienskap(pe) van God wat vir jou uitstaan in hierdie storie. In hierdie storie sien ek dat God __________ is.

| | | |
|---|---|---|
| alwetend | genadig | onveranderd |
| opreg | regverdig | almagtig |

## Dag 16: Jesus doen wonders

1. **Gebed**: Word stil en draai in jou hart na Jesus. Vertel vir Hom van enige iets wat vandag in jou gedagtes is. Mamma kan ook vir jou bid en dan kan jy agter haar aanbid.

2. **Voorlees van Bybelstorie**:



Mamma lees uit haar eie Bybel uit **Lukas 8 : 22 - 39** (jonger kinders kan net luister na **verse 26 tot 39**).

3. **Tekening:**

Teken enige deel van die stories wat vandag jou hart aanraak. Hoekom dink jy is hierdie gedeelte vir jou spesiaal?

4. **Herskryf die vers van die dag :** **Lukas 8 : 25**

" Wie is Hy tog? Hy gee bevele aan wind en water en hulle is aan Hom gehoorsaam! "

5. **Refleksie:** Wat dink jy wil God vandag vir jou leer of sê?



6. Kies karaktereienskappe van Jesus wat vir jou uitstaan in hierdie stories.

In hierdie stories besef ek dat Jesus __________ is.

| | | |
|---|---|---|
| heilig | goed | alwetend |
| liefdevol | diensbaar | almagtig |

# Dag 17: Dawid en God se ark

1. **Gebed**: Word stil, maak jou ogies toe. Vra in 'n kort gebedjie vir Heilige Gees om die storie van vandag, in jou hart vir jou verstaanbaar te maak. Laat Mamma ook vir jou bid. Jy kan agter haar aan bid.

2. **Voorlees van Bybelstorie**:

Mamma lees uit haar Bybel **2 Sameul 6** (jonder kinders kan saam luister na **Verse 1 tot 16**).


3. **Tekening:**

Teken dié deel van die storie wat vir jou soos 'n foto uitstaan in jou gedagtes.

4. **Herskryf die vers van die dag :** **2 Sameul 6 : 5**

"Dawid en die hele Israel het uitbundig voor die ark van die Here gedans ..."

5. **Refleksie:** Wat dink jy wil God vir jou leer of sê deur vandag se Bybelstorie?



6. Kies 'n karaktereienskap(pe) van God wat vir jou uitstaan in vandag se Bybelstorie.

In hierdie storie sien ek dat God __________ is.

| | | |
|---|---|---|
| almagtig | heilig | regverdig |
| goed | geduldig | onveranderd |

# Dag 18: Filippus en die Etiopiër

1. **Gebed**: Word stil en sit of lê gemaklik. Maak jou ogies toe en draai in jou hartjie na Jesus. Vertel vir Hom van dit wat vir jou die heel lekkerste is om te doen. Sê vir Hom dankie hiervoor. Mamma kan vir Heilige Gees vra om julle nou saam te leer deur Sy Woord.



2. **Voorlees van Bybelstorie**:

Mamma lees uit haar Bybel **Handelinge 8 : 26 - 40** (indien kinders nog jonger is en nie so lank kan stil sit of konsentreer nie, lees vir hulle net **verse 26 tot 35**).

3. **Tekening:**

Teken enige deel van die storie wat vir jou uitstaan. Gebruik helder kleure. Teken jouself êrens in die prentjie.






4. **Herskryf die vers van die dag :** Handelinge 8 : 27

“ Filippus het toe klaargemaak en gegaan.“

5. **Refleksie:** Wat dink jy wil God vir jou leer deur vandag se Bybelstorie?



6. Kies karaktereienskappe van God wat vir jou uitstaan in hierdie storie.

In hierdie storie besef ek dat God ___________ is.

| | | |
|---|---|---|
| alomteenwoordig | heilig | soewerein |
| liefdevol | getrou | almagtig |



# Dag 19: Isak en Rebekka

1. **Gebed**: Word stil, maak jou ogies toe en draai in jou hartjie na Heilige Gees. Nooi Hom uit om saam met jou en Mamma Bybel te lees. Mamma kan ook vir jou bid en dan kan jy agter haar aan bid.

2. **Voorlees van Bybelstorie**:

Mamma lees vandag 'n mooi storie uit **Genesis 24** (vir jonger kinders, lees net **Verse 1 tot 28**).

3. **Tekening:**

Teken enige deel van hierdie storie wat jou hart aanraak. Gebruik verkillende kleure. Hoekom hou jy spesifiek van hierdie gedeelte in die storie?

4. **Herskryf die vers van die dag :** **Genesis 24 : 1**

"Abraham was al baie oud en die Here

het hom in alles geseën."

5. **Refleksie:** Wat dink jy wil God vir jou leer of sê deur vandag se Bybelverhaal?



6. Kies karaktereienskappe van God wat vir jou uitstaan in hierdie storie.

In hierdie storie word ek bewus daarvan dat God ___________ is.

| | | |
|---|---|---|
| alomteenwoordig | behulpsaam | regverdig |
| liefdevol | getrou | gebede verhoor |

# Dag 20: Bekommernisse en 'n gelykenis

1. **Gebed**: Sit of lê gemaklik. Draai in jou hartjie na Jesus en vra vir Hom iets waaroor jy bekommerd is. Laat mamma ook vir jou bid.

2. **Voorlees van Bybelstorie**:

Mamma lees uit haar Bybel, **Lukas 12 : 22 - 48** (jonger kinders kan saam luister na **Verse 22 tot 34**).

3. **Tekening:**


Teken die deel van die storie wat vir jou spesiaal is en 'n mooi prentjie in jou verbeelding vorm. Hoekom dink jy is hierdie gedeelte vandag vir jou spesiaal?

4. **Herskryf die vers van die dag :** Lukas 12 : 24

“Kyk na die kraaie … God sorg vir hulle.

Julle is tog baie meer werd as voëls.“

5. **Refleksie:** Wat dink jy wil God vir jou leer deur vandag se Bybelstories?



6. Kies karaktereienskappe van God wat vir jou uitstaan in hierdie Bybelgedeelte. In hierdie stories sien ek dat God __________ is.

| | | |
|---|---|---|
| besorgd | goed | regverdig |
| liefdevol | getrou | onveranderd |

Hierdie Joernaal is gemaak om uit te deel! My begeerte is dat kinders lief sal raak vir die Woord van God en dat hulle deur leiding van Heilige Gees, die Stem van God sal leer herken soos wat hulle die Woord aanhoor en self daar deur lees. Voel vry om hierdie joernaal aan te stuur of uit te druk vir iemand. Moet asseblief nie enige deel hiervan verkoop nie. Aangesien hierdie joernale verniet is, gaan dit nie deur uitgewers wat dit hersien nie. Wanneer jy op 'n fout afkom, is jy welkom om my in te lig! Ek dateer gereeld die uitgawes op en sal gewoonlik die nuutste uitgawe uitstuur op versoek. Drie reekse Bybel Joernale vir Afrikaanse kinders is beskikbaar. Laai Bybel Joernale gratis af by die Afrikaanse opsie: www.thedesertcall.com

& Gees
Heuningsoet Woord
Psalm 19:10&11

**deur: Carien Stander**

**www.thedesertcall.com**